Daarmee gee die Skrif nie aan predikante verlof om maar te leef soos hulle wil nie. Paulus skryf: *"Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie"* (1 Kor 9:27). Al begryp ons dit nie, word daar tog in die Skrif 'n vanselfsprekende verband gelê tussen 'n skoon lewe en 'n vrugbare bediening. As Paulus aan Timoteus skryf dat hy hom daarop moet toelê om hom beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie deur hom van allerhande sondige praktyke te weerhou (2 Tim 2:14-20), dan sê hy: *"As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk"* (2 Tim 2:22). Ja, elke loot wat vrug dra, maak die Here skoon sodat dit meer vrug kan dra (Joh 15:2). Maar elkeen wat God nie ken nie en aan die evangelie van onse Here Jesus ongehoorsaam is, sal die wraak van die ewige verderf nie kan ontvlug nie (2 Tess 1:6-10; Heb 2:1-4).

## 17

## DIE BRITS-ISRAEL-BEWEGING

Die Brits-Israel-beweging verteenwoordig 'n aanname dat alleen Israel die erfdeel van God is. Jesaja wys daarop dat die Here van Israel praat as: *"...my erfdeel Israel"* (Jes 19:25). Daar staan ook geskrywe: *"Hy maak sy woord aan Jakob bekend, sy voorskrifte en bepalings aan Israel. Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie; hulle ken sy bepalings nie"* (Ps 147:19,20). Dit beteken, word gesê, dat net hulle wat aan Israel behoort gered kan word, want Jesus het gesê: *"Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel"* (Matt 15:24; vgl Matt 10:5,6).

Hierdie woorde van Jesus moet egter gesien word as 'n tydelike beperking, wat later opgehef word (vgl Matt 10:5 met Hand 8:5) in die opdrag in byvoorbeeld Matteus 28:19,20: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies..."* Die praktyk van: *"eerste vir die Jood en ook vir die Griek"* (Rom 1:16; 2:9,10) sou



bly totdat die Jood (Judeër) openlik die evangelie verwerp het. Nadat die Jode met lasterlike woorde weerspreek het wat Paulus gesê het, het Paulus en Bárnabas vry-uit gespreek en gesê: *"Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – Kyk, ons wend ons tot die heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het u 'n lig van die nasies gemaak, sodat u tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde"* (Hand 13:46,47).

Jesus het ook gesê: *"Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder"* (Joh 10:16). Die woorde sluit nou aan by Johannes 11:51,52: *"En dit het hý* (Kájafas) *nie uit homself gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterwe. En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg."* Die woorde *"maar ook"* dui op diegene wat nie aan die volk behoort nie. Die ander skape sien dus ongetwyfeld op die heidene (nie-Jode) wat nog tot die volk van God gevoeg moet word, sodat dit een kudde en een herder kan wees (vgl Ef 2:14-17). So getuig Paulus voor koning Agrippa dat Jesus op pad na Damaskus in 'n gesig aan hom verskyn en gesê het: *"Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn, terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang"* (Hand 26:16-18). Hier word deur Jesus uitdruklik aan Paulus gesê dat ook die heidene 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang. Dit is dus nie meer net Israel na die vlees wat God se erfdeel is nie. So skryf Petrus aan *"die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galasië, Kappadócië, Asië en Bithínië"* (1 Pet 1:1). Dit is duidelik dat die brief gerig is aan die Christenle-

sers wat uit die heidendom gekom het (vgl 1 Pet 1:14,18; 4:3). Hy skryf aan hierdie heidene wat nou gelowiges geword het en sê: *"Julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is"* (1 Pet 2:10).

Dat die apostels nie aan die heidene as verstrooide Israeliete gedink het nie, maar as nie-Jode, is duidelik waar Paulus byvoorbeeld aan die Galasiërs skryf: *"Daarna, veertien jaar later, het ek weer na Jerusalem opgegaan met Barnabas, en Titus ook saamgeneem. Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie. Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is. Maar die wat in aansien was – wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie – hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie. Maar, inteendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes – want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene – en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfas en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan"* (Gal 2:1-9; vgl ook Gal 2:11-15). Die apostels was dus oortuig dat die evangelie van Paulus nie strydig is met wat hulle self verkondig nie. Hulle het ook die begrip heiden presies verstaan soos Paulus dit interpreteer het. Titus was nie 'n Judeër of 'n Israeliet nie, maar 'n Griek en hoef dus nie besny te word nie (Gal 2:3-5). Almal wat nie direkte afstammelinge van Jakob is nie, of andersinds nie deur die besnydenis in hulle opgeneem is nie (vgl Gen 34:14-16,22-24; Hand 6:5), word in die Bybel heidene genoem om hulle posisie buite Israel na die vlees aan te dui (vgl Ef 2:11,12). In hierdie brief van Paulus word dus ook die aantuiging van sommige uit



die Israelvisie duidelik weerlê asof die evangelie van Paulus teenstrydig sou wees met dié wat Jesus en die apostels geleer het.

Die Israelvisie maak 'n duidelike onderskeid tussen 'n Israeliet en 'n nie-Israeliet en selfs tussen 'n Israeliet en 'n Jood, en verklaar dat net 'n Israeliet gered kan word; geen nie-Israeliet, en dus ook geen Jood, kan volgens hulle gered word nie. Daar word deur sommige van die mense van die Israelvisie gesê dat die insettinge en verordeninge van God net vir Israel gegee is om te onderhou (Deut 4:1,2), maar die hemelliggame het Hy vir die ander nasies gegee is om te vereer (vgl Deut 4:19); maar dit is glad nie wat met dié teks bedoel word nie. Ons lees: *"...dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie – dinge wat die Here jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het"* (Deut 4:19). Die volk van God word aangesê om hulle nie voor die son, die maan, die sterre en die hele leër van die hemel, neer te buig om hulle te dien nie; God het hierdie hemelliggame aan al die volke onder die hemel, dit wil sê ook aan Israel, uitgedeel tot 'n seën en nie om aanbid te word nie (Deut 4:18,19; vgl Gen 1:14-18). Hulle is lewelose hemelliggame wat deur God geskep is tot ons voordeel en is nie lewende wesens wat deur die nasies, en dus ook nie deur Israel, gedien moet word nie. Daarom lees ons: *"Hy (het) Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met met voedsel en vrolikheid te vervul"* (Hand 14:16,17).

Die ryk van Israel het na die dood van Salomo in 932 v.C. ontstaan toe die verenigde koninkryk in twee koninkryke verdeel het as die ryk van Israel in die noorde en die ryk van Juda in die suide (1 Kon 12). Die twee koninkryke het vir ongeveer 200 jaar langs mekaar bestaan totdat die koning van Assirië in ongeveer 721 v.C. in die negende jaar van Hoséa *"Samaría ingeneem en Israel in ballingskap weggevoer het na Assirië en hulle laat woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië"* (2 Kon 17:6). Dit wil voorkom asof die hele Israel weggevoer is, want ons lees: *"Niks het oorgebly nie, as net die*

*stam van Juda alleen"* (2 Kon 17:18). Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, het reeds in ongeveer 732 v.C. *"Ijon ingeneem en Abel-Bet-Méäga en Janó en Kedes en Hasor en Gílead en Galiléa, die hele land Náftali; en hy het hulle in ballingskap weggevoer na Assirië toe"* (2 Kon 15:29). Die koning van Assirië het toe *"uit Babel en uit Kuta en uit Awa en uit Hamat en Sefarváim mense ingevoer en laat woon in die stede van Samaría, in die plek van die kinders van Israel; hulle het Samaría in besit geneem en in sy stede gaan woon"* (2 Kon 17:24). H.G. van der Westhuizen skryf: "Van die tien stamme wat met die wegvoering agtergebly het, het met die ingevoerde Assiriërs verbaster tot die Samaritaanse volk."

J.S. Malan wys daarop dat daar egter "van die begin af geen absolute en streng verdeling tussen die gewone lede van die verskillende stamme (was) nie." Toe Jerobeam met sy afgodery begin, het die Leviete na Jerusalem getrek (2 Kron 11:14-16). In die tyd van koning Asa van Juda lees ons: *"Daarop vergader die hele Juda en Benjamin, ook die vreemdelinge wat uit Efraim en Manasse en uit Símeon by hulle was; want uit Israel het hulle in menigte na hom oorgeloop toe hulle sien dat die Here God met hom was"* (2 Kron 15:9). Die ryk van Juda het dus nie net uit die stam van Juda en van Benjamin bestaan nie.

Die ballingskap van Juda het in drie fases verloop. Die eerste was in ongeveer 597 v.C. toe Nebukadnesar II al die owerstes en mense van vermoë na Babel weggevoer het; net die arm mense is agtergelaat (2 Kon 24:10-16). Die tweede wegvoering het plaasgevind na die verwoesting van Jerusalem in 586 v.C. (2 Kon 25:11). In 581 v.C. is nog 745 mense in ballingskap weggevoer (Jer 52:30). Hierdie wegvoerings het dus altesaam 4600 mense getref.

Toe Babel val, het Kores aan die Judeërs verlof gegee om na hulle land terug te keer (2 Kron 36:22,23; Esra 1:1-4). Die Brits-Israel-Beweging reken dat Israel na die weste uitgewyk het en teruggevind word in die Angel-Saksiese ras en by name in Groot-Brittanje.



In noue aansluiting by hierdie Israelvisie kry ons verskillende teorieë, waarvan dié van ds F.J. Pelser waarskynlik die vindingrykste is. Hy beweer dat die stam van Sebulon hulle in Holland gaan vestig het, Efraim in Engeland, Manasse in die VSA, Aser in Frankryk, Dan in Denemarke, Naftali in België, Benjamin in Zimbabwe en Zambië en Juda in Suid-Afrika. Dit geld natuurlik slegs vir die Israeliete in hierdie lande. In ander teorieë is die Duitsers die moderne Assiriërs en die Italianers die moderne Babiloniërs.

Daar bestaan egter genoegsaam getuienis in die Skrif wat hierdie teorieë weerspreek. Tot op die tyd van Kores het Babel en Assirië geweier dat die ballinge trek: *"So sê die Here van die leërskare: Die kinders van Israel en die kinders van Juda is saam verdruk; en almal wat hulle as gevangenes weggevoer het, hou hulle vas, weier om hulle te laat trek"* (Jer 50:33). Hulle was dus ook nie toegelaat om na die weste te trek nie. Toe die Judese ballinge egter na Palestina teruggekeer het, het die oorblyfsels van die stamme van Israel saam met hulle teruggekeer (vgl 1 Kron 9: 3; Esra 2:2,21v; Neh 7:7v; Luk 2:36).

Hierdie getuienis word bevestig deur Josephus (33-100 n.C), 'n Joodse geskiedskrywer. Hy skryf: "So he (Esdras) read the epistle at Babylon to those Jews that were there; but he kept the epistle itself, and sent a copy of it to all those of his own nation that were in Media (dit was die ballinge uit Israel van 2 Konings 17:6,18); and when the Jews had understood what piety the king had towards God, and what kindness he had for Esdras, they were all greatly pleased; nay, many of them took their effects with them, and came to Babylon, as very desirous of going down to Jerusalem; but then the entire body of the people of Israel remained in that country; wherefore there are but two tribes in Asia and Europe subject to the Romans, while the ten tribes are beyond Euphrates till now, and are an immense multitude, and not to be estimated by numbers. Now there came a great number of priests, and Levites, and porters, and sacred singers, and sacred servants, to Esdras. So he gathered those that were in the captivity together beyond Euphrates, and stayed there three days, and

ordained a fast for them, that they might make their prayers to God for their preservation, that they might suffer no misfortunes by the way, either from their enemies, or from any other ill accident; for Esdras had said beforehand, that he had told the king how God will preserve them, and so he had not thought fit to request that he should sent horsemen to conduct them. So when they had finished their prayers, they removed from Euphrates ("the ten tribes beyond Euphrates"), on the twelfth day of the first month of the seventh year of the reign of Xerxes, and they came to Jerusalem on the fifth month of the same year." Hier keer mense uit al die stamme van Israel terug na Jerusalem.

Dit is in ooreenstemming met die profesie wat oor die toekoms van Israel en Juda uitgespreek is (vgl Jes 11:11-13; Jer 3:18; 31:7,8,27 en Eseg 37:19). So stel Jeremia dit: *"In dié dae en in dié tyd, spreek die Here, sal die kinders van Israel kom, hulle met die kinders van Juda saam; onder geween sal hulle voorttrek en die Here hulle God soek. Hulle sal na Sion vra; op die pad hierheen sal hulle aangesig gerig wees; hulle sal kom en by die Here aansluit in 'n ewige verbond wat nie vergeet sal word nie"* (Jer 50:4,5). H.G. van der Westhuizen skryf: "Met 'n simboliese daad van twee houtstukke as septerstawe, waarop die name van die twee verskeurde dele van God se volk geskryf is, moet Esegiël dit gesamentlik en op mekaar passend in een hand neem om aan te dui dat God met die terugkeer van sy volk die langverwagte eenheid wil bewerkstellig (vgl Hos 1:11; 3:5; Am 9:11; Miga 2:12; 5:2; Jes 11:13; Jer 3:11v; 13:11; 31:1v,20,27,31 en so meer). Die historiese terugkeer van destyds het net deels aan die profesie beantwoord (wel 'n eenheidstaat aanvanklik; met die koms van die koning van die Jode of Israel, Jesus – Matt 27: 29,37,42 – bly die eindvervullling van die "kneg Dawid" nog oor, wat as koning oor die hele Israel van God (vgl Rom 11:26; Gal 6:16) in volkomenheid sal regeer by die weerkoms van Christus)." Daarom kon Jesaja die inwoners van Jerusalem en die manne van Juda om die beurt as *"manne van Juda"* en *"huis van Israel"* aanspreek (vgl Jes 5:3,7). Ná die ballingskap is die begrippe Judeër en Israeliet afwisselend vir dieselfde mense gebruik (vgl Esra 6:8,14,17,21; Neh 1:6; 4:1).



In die Nuwe Testament word Nikodemus, *" 'n owerste van die Jode,"* (Joh 3:1) deur Jesus *"die leraar van Israel"* genoem (Joh 3:10). Petrus praat op Pinksterdag met: *"Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon"* (Hand 2:14) en spreek hulle in dieselfde boodskap aan as *"Israeliete"* (Hand 2:22) en as *"die hele huis van Israel"* (Hand 2:36). Paulus noem homself *" 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin"* (Rom 11:1; Fil 3:5; 2 Kor 11:22) en terselfdertyd *" 'n Judeër"* (Hand 21:39; 22:3). 'n Israeliet is dus 'n Jood, en 'n Jood is 'n Israeliet. Die profesie van Esegiël het reeds net ná die terugkeer uit ballingskap begin om 'n heerlike werklikheid te word, waar hy sê: *"En Ek sal hulle een volk maak in die land op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeel wees nie"* (Eseg 37:22). Hierdie profesie het dus 'n voorlopige- en 'n finale vervulling.

En die stelling vanuit die Israelvisie dat slegs hulle wat aan die tien stamme van Israel behoort (Israel genoem), gered kan word, word genoegsaam weerspreek uit die getuienis van Paulus wat uit die stam van Benjamin is (Fil 3:5) en tog deur die genade van God gered is (1 Tim I:15). Verder skryf Jakobus *"aan die twaalf stamme in die verstrooiing,"* en verwys na hulle as sy *"broeders"* (Jak 1:2) en skryf 'n bietjie verder: *"My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, nie wees met aanneming van die persoon nie"* (Jak 2:1). Mense uit al twaalf stamme, dus ook uit die Judeërs, is gered. So getuig Paulus van: *"...ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien"* (Hand 26:7).

Ons kan geredelik aanneem dat nie al die Judeërs en al die Israeliete na Palestina teruggekeer het nie, en dat hulle oral onder die volkere van die weste verstrooid geraak het (vgl Jak 1:1), soos vandag nog die geval is; maar ons kan met ewe veel reg ook aanvaar dat nie almal van hulle met die ander volke vermengd geraak het nie, want Jesus het gesê: *"Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie*

*geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge* (dit is die dinge waarna Hy in Matteus 24:1-33 verwys het) *gebeur het nie"* (Matt 24:34). Die woorde *"hierdie geslag"* verwys na die Jood en Israeliet as volk. Die Jood en Israeliet sal dus tot aan die einde van die tyd nie ophou om as volk te bestaan nie.

Uit sommige van die literatuur van die Israelvisie word die indruk geskep dat jou afstamming uit een van die tien stamme van Israel (dit is Israel) eintlik jou verlossing veronderstel. As iemand dit sou glo, is dit noodsaaklik om daaraan herinner te word dat Jesus gesê het: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie* (van Bo af gebore word nie; dit is uit die hart van God gebore word nie), *kan hy die koninkryk van God nie sien nie"* (Joh 3:3). En 'n bietjie verder: *"Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees"* (Joh 3:8). 'n Mens word eers gebore uit 'n vrou en daarna uit die Gees, want: *"Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie"* (Joh 6:63). Dit is nie die geboorte uit 'n bepaalde mens (byvoorbeeld 'n Israeliet), wat jou saligheid verseker nie, maar jou geboorte daarna uit die Gees van God. Ook het Paulus geskryf: *"...want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie"* (Rom 9:6). So lees ons byvoorbeeld: *"Want nie hy is 'n Jood* (Judeër) *wat dit in die openbaar is nie, en nie dit is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en die besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God. Wat is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besnydenis? Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle* (dit is aan die Judeërs) *die woorde van God toevertrou is. Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? Nee, stellig nie. Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig"* (Rom 2:28-3:4). Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat in die Israelvisie "die eerste tema (grace) grootliks verder agterweë gelaat en oorvloei met die tweede tema (race)" (van der Westhuizen).

Nog 'n gedagte wat by die Israelvisie sterk beklemtoon word, is dat slegs blankes gered kan word. Maar met hierdie stelling spreek hulle oor hulleself 'n verdoemende oordeel uit, want die Israeliete is nie blank nie; hulle behoort tot die geel nasies van die aarde. Die heel eerste keer dat ons van 'n velkleur by die mens verneem, is by die geboorte van Gam. Die naam van 'n baba is gewoonlik by die geboorte gegee (vgl Gen 4:1,25,26). Verder is volgens dié gebruik, opvallende kenmerke by kinders ook in hulle name vasgelê. Die oudste seun van Rebekka was byvoorbeeld by geboorte rooi, geheel en al soos 'n mantel van hare. Daarom het hulle hom Esau genoem (Gen 25:25). Gam kom waarskynlik van die Hebreeuse woord Chamam wat beteken "om warm te wees" en dus moontlik "songebrand" of "donker van vel." Sommige nasate van Gam is Kus, dit is Etiopië en Misraim, dit is Egipte (Gen 10:6), wat die "land van Gam" genoem is (Ps 105:23; 106:22) en tel onder die donker-vel volke van die aarde. Die nasate van Gam het hulle meer bepaald rondom die Middelandse See en in Afrika gevestig. Die nasate van Sem het in die rigting van die ooste getrek (Gen 10:30) en verteenwoordig hoofsaaklik die geel nasies, waaronder Israel gereken word (vgl Gen 10:21-31; 11:10-32). Jafet se nasate het na die weste toe koers gevat (Gen 10:5) en verteenwoordig meer bepaald die wit nasies. En hulle was reeds daar in verskillende volke gevestig (vgl Gen 10:25; 1 Kron 1:19,25) lank voordat Israel in ballingskap na Assirië weggevoer is.

As net blankes gered kan word dan beteken dit volgens die Israelvisie dat swart- en gekleurde mense nie gered kan word nie. Daar staan egter geskrywe: *"Die Edomiet moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want hy is jou broer; die Egiptenaar moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land. Kinders wat vir hulle in die derde geslag gebore word, mag in die vergadering van die Here kom"* (Deut 23:7,8). Die *"kinders uit die derde geslag"* is die derde geslag van die wat in Israel ingetrek het. Hulle kon, ná besnydenis, in die volksgemeenskap opgeneem word. Die Edomiet en die Egiptenaar behoort tot die donker-vel volke, en hulle kan volgens hierdie Skrifgedeelte ook gered word. As ons in Maleági van Edom lees as: *"Die volk waarop die Here vertoornd is tot in ewigheid"* (Mal 1:4), beteken

dit doodgewoon: "Edom never recovered its power' (W.J. Deane). In Jesaja 19:22-25 lees ons: *"En die Here sal die Egiptenaars slaan, slaan en genees, en hulle sal hulle tot die Here bekeer, en Hy sal hulle verhoor en hulle genees. In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië en Assirië sal in Egipte kom en die Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die Here dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die Here van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!"* Die woord genees sien in Jesaja konstant op geestelike genesing (Jes 6:10; 19:22; 30:26; 57:18,19); dit is verlossing. Die Egiptenaars en die Assiriërs kan dus volgens hierdie Skrif ook gered word. Die woord "hom" (derde persoon enkelvoud) dui natuurlik op Israel in wie al die volke van die aarde geseën word (vgl Gen 12:3; 22:18*), "sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang"* (Gal 3:14), en dit geld ook vir Egipte en Assirië: "Him must be understood collectively, of the threefold Israel, spread through the three countries, which all partake of the blessing. The three countries are able to be a blessing to the world at large, because God's blessing rests upon them" (G. Rawlinson).

In die nuwe Testament lees ons byvoorbeeld uitdruklik van Jesus: *"U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie"* (Op 5:9). Die woorde "uit elke" stam, taal, volk en nasie, dui onweerlegbaar daarop dat daar nie net uit die volk Israel mense gered word nie. Dit was juis die groot geheimenis wat vir eeue verborge was, maar wat aan Paulus deur 'n openbaring bekend gemaak is, naamlik *"dat die heidene mede-erfgename is en mede-lede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie"* (Ef 3:3-5; vgl Rom 16:25,26).

Paulus gebruik die woord heiden wanneer hy verwys na mense soos die Grieke *"wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word...vervreemd was van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld"* (Ef 2:11,12). So iemand het dus geen vleeslike verwantskap met 'n Israeliet nie. Christus het egter die middelmuur van skeiding afgebreek, sodat hy die twee (Judeër en Griek) tot een nuwe mens kon skep (vgl Ef 2:14,15) as die nuwe Israel van God (Gal 6:16; vgl 1 Pet 1:1; 2:9,10). Daarom kon hy aan die Korintiërs skryf: *"Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode* (Judeërs) *of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge"* (1 Kor 12:12,13). Die woord Griek beteken nie vir Paulus 'n Griekssprekende Israeliet nie. Daarom het hy Timoteus besny ter wille van die Jode omdat hulle almal geweet het dat sy vader 'n Griek was (Hand 16:3), maar het hy later, vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om sy vryheid wat hy in Christus het, te bespied, vir Titus, wat by hom was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek was (Gal 2:3,4).

Baie mense van die Israelvisie noem Jesus Jashua, omdat die naam Jesus, volgens hulle, dui op die seun van die Griekse afgod Zeus. Die Nuwe Testament het egter geen probleem daarmee om Hom Jesus te noem nie (vgl Matt 1:21,25); trouens die engel Gabriël het Maria beveel om Hom Jesus te noem (Luk 1:26-31). Jesus het Hom ook self met dié Naam aan Paulus op pad na Damaskus (Hand 9:5) en ook aan Johannes op Patmos bekend gestel: *"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig"* (Op 22:16).

Nog 'n gedagte wat by sommige mense van die Israelvisie sterk figureer, is hulle onwilligheid om die Naam Jahweh in die Bybel (vgl Gen 4:26; Eks 6:2) in Afrikaans met Here te vertaal "omdat 'n naam nie vertaal mag word nie." En tog word in die Griekse Nuwe Testament die Naam Jahweh konstant met die Griekse woord *kurios* weergegee. Ons lees byvoorbeeld: *" 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die He-*

*re* (Jahweh); *maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! Elke dal moet opgevul en en elke berg en heuwel klein gemaak word..."* (Jes 40:3,4). Hierdie profesie is letterlik vervul in Johannes die doper as die wegbereider van Jesus (vgl Luk 3:1-3) waar ons lees: *"Soos geskrywe is in die boek van die woorde van Jesaja, die profeet, waar hy sê: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here* (kurios), *maak sy paaie reguit. Elke dal moet opgevul word en elke berg en heuwel wegsak; en die krom draaie sal 'n reguit pad word en die skurwe plekke gelyk weë"* (Luk 3:4,5). Hier word die Hebreeuse woord Jahweh met die Griekse woord kurios vertaal. Jesus self het by geleentheid die Sadduseërs aan Eksodus 3:15,16 herinner waar Moses, in die gedeelte oor die doringbos, die Here (dit is Jahweh), die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob noem (Luk 20:37). By dié geleentheid het die Here Homself aan Moses bekend gemaak as Jahweh en gesê: *"Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag"* (Eks 3:15). En tog gebruik Jesus nie die naam Jahweh nie, maar noem Hom kurios. Dit wil sê: Jesus het self die naam Jaweh met kurios vertaal. As die Bybel en die Here Jesus die naam Jahweh met die naam kurios vertaal, dan kan sy Naam in Afrikaans met Here vertaal word.

Maar wat ook uit Jesaja 40:3,4 en Lukas 3:4-6 duidelik word, is dat die Naam Jahweh nie dui op God die Vader nie, maar op God die Seun, Jesus Christus onse Here, want dit is die pad van Jesus wat deur Johannes gelyk gemaak moet word. En Paulus skrywe: *"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding"* (Rom 10:9,10). Dit beteken dat ons moet bely dat Jesus die Here is (dit is *kurios*, en *kurios* is 'n vertaling van *Jahweh*); dit wil sê: ons moet dus bely dat Jesus Christus (en nie God die Vader nie), die Here (*kurios*) is; dit beteken dat Hy dieselfde persoon as *Jahweh* is; anders kan ons nie gered word nie. Ook in hierdie opsig spreek sommige uit die Israelvisie 'n swaar oordeel uit oor hulleself omdat hulle weier om Jesus die



Here (dit is *kurios*), te noem. Woorde wat insluit soos: *"sal jy gered word"* (Rom 10:9), sluit ook diegene wat dit nie bely nie, uit; dit wil wil sê: hulle wat dit nie bely nie, kan nie gered word nie. En hierdie kras oordeel oor elkeen wat nie bely dat Jesus die Here (dieselfde persoon as *Jahweh*) is nie, kan ons begryp, want die woord van God getuig dat hy wat die Seun nie die eer gee wat Hom toekom nie, ook nie die Vader eer nie (Joh 5:23).

Die gedagte by sommige van die Israelvisie dat die donker-vel volke soos byvoorbeeld Kain uit Satan of uit bose geeste gebore is, is nie korrek nie, want ons lees: *"En die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: Ek het 'n man verkry met die hulp van die Here"* (Gen 4:1). Adam, en nie Satan nie, was die vader van Kain. Satan of bose geeste of engele kan nie kinders by 'n vrou verwek nie. Jesus het byvoorbeeld gesê: *"Want in die opstanding trou* hulle *nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos die engele van God in die hemel"* (Matt 22:30).

Dan is daar sommige mense van die Israelvisie wat sê dat swart mense diere is wat nie gered kan word nie. God het drie groepe gronddiere geskep: *behémah* (vee), *rémés* (reptiele) en *gajah* (wilde diere) – (Gen 1:24), en onder al hierdie diere het Adam geen hulp gevind wat by hom pas nie (Gen 2:20). En dit kan ons begryp want net die mens is na die beeld van God geskep (Gen 1:26,27). Die dier beskik wel oor 'n liggaam en 'n siel. Daarom word die mens belet om die bloed van 'n dier te eet (Gen 9:4; vgl Hand 15:20), want die siel van die vleis is in sy bloed (Lev 17:11,14). Daar bestaan ook 'n wesenlike verskil tussen die vleis van 'n mens en die vleis van 'n dier (1 Kor 15:39). Dit verskil op vyf basiese punte: vorm, grootte, beweging, voortplanting en voedselinname. Die kontinuïteitsteorie (dit is die onafgebroke samehang van selle) van Darwin het dus geen wetenskaplike basis om op te rus nie. J.S. Malan skryf: "Biologiese vermenging tussen mens en dier is onmoontlik omdat hulle gene heeltemal verskillend en hulle bloedgroepe onverenigbaar is. Indien dierebloed in 'n mens oorgetap word sal hy antigene ontwikkel en sterf." Die bloed van 'n swarte kan egter sonder lewensverlies in

'n blanke oorgetap word. Die swarte is dus nie 'n dier soos deur sommige vanuit die Israelvisie geleer word nie.

Waar 'n dier net uit 'n liggaam en 'n siel bestaan (Gen 9:3-5; Lev 17:10,11,14; Deut 12:16,23; Hand 15:20), bestaan die mens uit 'n liggaam, siel en gees (1 Tess 5:23; vgl Luk 1:46,47; Heb 4:12). En dit is vanweë die uniekheid van die liggaam, siel en gees van die mens dat hy na die beeld van God geskep is, en dat hy in staat is om te kan praat (vgl Op 13:15) en te kan bid (vgl 1Kor 14:15). Die diere daarenteen, word in die Bybel stom- of redelose of verstandelose diere genoem (2 Pet 2:12,16; Jud v. 10). (Na hierdie punt kom ons terug in die hoofstuk oor kloning.) Iemand in wie se geskape aard dit is om te kan praat, is dus nie 'n dier nie, maar 'n mens; en swart mense kan ook praat. En iemand wat kan praat, kan ook gered word, want daar staan van Christus Jesus geskrywe: *"U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie"* (Op 5:9).

Ds F.J. Pelser, een van die stemme uit die Israelvisie, sê dat die mens as 'n geestelike wese bestaan het lank voor die skepping van die hemel en die aarde. Al wat op die sesde skeppingsdag gebeur het, is dat hierdie geestelike mens deur God met 'n liggaam oorklee is. Hierdie gedagte herinner ons onmiddellik aan die woorde van die Prediker: *"Wat gewees het, sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie. Is daar iets waarvan 'n mens kan sê: Kyk hier, dit is nuut? Dit was lankal daar in die ou tyd wat voor ons gewees het"* (Pred 1:9,10). Die Griekse wysgeer Plato (427-347 v.C.) het al geleer dat die siel bestaan het lank voor die liggaam daar was. Die mens was dus aanvanklik 'n hemelse wese wat later 'n liggaam bygekry het. Die mens bestaan dus uit twee selfstandige substansies, 'n siel en 'n liggaam. Hy het dus 'n dualistiese mensbeskouing voorgestaan. Vir Plato was die mens dus 'n beliggaamde siel. "Maar in die Bybel is die mens 'n besielde of beter, 'n lewendgemaakte liggaam, met ander woorde 'n besielde liggaam" (J.A. Heyns).

Ds Pelser, wat dieselfde standpunt as Plato handhaaf, grond egter sy standpunt op die Bybel, en beroep hom op Skrifgedeeltes soos byvoorbeeld Spreuke 8:22-31, Jeremia 1:5 en Efesiers 1:4. Ons lees: *"Die Here het my berei (kanah) as eersteling van sy weg, voor sy werke van ouds af. Van ewigheid af is ek geformeer (nasak), van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore (chul); toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore (chul); toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie (asah). Toe Hy die hemele berei het (kanah), was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het - toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, en het gespeel op sy wêreldrond, en my verlustiging was met die mensekinders"* (Spr 8:22-31). Hier word geskryf van die wysheid wat as 'n persoon spreek tot mense (Spr 8:1-9). Die wysheid van Spreuke verskil prinsipieel van alle wysheid. En omdat hierdie wysheid daar was voordat die skepping plaasgevind het (Spr 8:22-30) en sy verlustiging was met die mensekinders (Spr 8:31), word afgelei dat die mensekinders reeds daar was voordat die skepping van die hemel en die aarde geskep is. Die mens is dus reeds in die gryse verlede as 'n geestelike wese na die beeld van God geskep (vgl Gen 1:27) en is eers op die sesde skeppingsdag uit die stof geformeer (Gen 2:7). Die geestelike mens wat van van voor die grondlegging van die wêreld al bestaan het, het dus net in die tyd 'n stoflike liggaam bygekry, word gesê. Die woorde in Genesis 1:26: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis"* en in Genesis 1:27: *"En God het die mens geskape na sy beeld...,"* dui egter daarop dat daar voor daardie dag nog nie mense was nie. En hierdie woorde het God uitgespreek nadat die diere al op die sesde dag gemaak was (vgl Gen 1:25). In Genesis 5:1 kry ons die woord gelykenis (*demuth*) en in Genesis 9:6 die woord beeld (*tselem*) vir presies dieselfde begrip, waaruit afgelei kan word dat

die twee begrippe gelyk is. Dit bring Genesis 1:26,27 en Genesis 5:1,2 bymekaar omdat na een en dieselfde gebeurtenis verwys word.

Wat dus verder belangrik is om raak te sien, is die feit dat Genesis 1:26,27 en Genesis 2:7 nie praat van twee skeppingsgeleenthede nie, maar van een en dieselfde geleentheid. In Genesis 2 word van die sake wat in hoofstuk 1 net vermeld is, vir ons in meer besonderhede meegedeel. As Genesis 1:27 vir ons byvoorbeeld vertel dat God die mens, man en vrou geskep het, dan vertel Genesis 2:19-24 vir ons presies hoe dit gebeur het. In Genesis 1:26,27 en 2:7 kry ons drie woorde wat vir die skepping van die mens gebruik word te wete *asah* (gemaak), *bara* (geskep) en *yatzar* (geformeer). In Genesis 5:1,2 lees ons: *"Dit is die stamboom van Adam. Die dag toe God Adam geskape (bara) het, het Hy hom gemaak (asah) na die gelykenis van God. (*Skep (*bara*) en maak (*asah*) is dus een en dieselfde). *Man en vrou het Hy hulle geskape (bara) en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe Hy hulle geskape (bara) het."* Dit was dus op dieselfde dag toe God vir Adam geskep (*bara)* en gemaak (*asah)* het (vgl Gen 5:1,2) dat Hy vir hom 'n vrou uit sy sy gemaak (*asah*) het (Gen 2:18-24). Adam is dus nie voor die skepping van die hemel en aarde geskep en gemaak nie, maar eers op dié dag, dit is die sesde skeppingsdag, toe God vir hom 'n vrou gemaak het.

Uit Spreuke 8 is dit duidelik dat hier van die wysheid gepraat word (Spr 8:1-9) en nie van die Seun van God nie. Dit is die Here (*Jahweh*) wat die wysheid berei en formeer (Spr 8:22,23). *Jahweh* is *kurios* (vgl Jes 40:3,4 met Luk 3:1-3) en *kurios* is Jesus (Rom 10:9). Die Here kan Homself nie berei of formeer nie. Hierdie wysheid is gebore toe die wêreldvloede, die berge en die aarde nog nie gemaak was nie (Spr 8:24-26), en Jesus was nie voor die skepping gebore nie. Hy word wel *"die begin van die skepping van God*" genoem (Op 3:14). Maar die Griekse woord vir begin (*arche*) is hier 'n aksiewoord, nie van hoedanigheid nie. Hy is die Een wat die skepping begin het (vgl Kol 1:16). En die hele gedeelte sê uitdruklik dat die wysheid daar was toe die Here die hemele berei het en die fondamente van die aarde vasgelê het



(Spr 8:27-29). Toe was hy 'n kustenaar naas die Here en het dag vir dag gespeel op sy wêreldrond (dit is sy skepping) en het hom verlustig in die mensekinders (Spr 8:30,31). Die woorde *"dag vir dag"* of *"elke dag"* (Spr 8:30), dui op die tyd; nie die ewigheid nie. Die wysheid het hom dag vir dag verlustig soos die ses skeppingsdae gevorder het. Dit staan dus hier onweerlegbaar vas dat die wysheid hom verlustig in die skepping en in die mensekinders as deel van hierdie skepping van God. Hier word geensins geïnsinueer dat die mensekinders reeds voor die skepping daar was nie. Die wysheid "rejoiced when he completed the world (*tèn oikouménein*) and rejoiced in the children of men" (W.J. Deane et al).

Van Jeremia lees ons: *"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken"* (Jer 1:5). Dit beteken ongetwyfeld dat Jeremia al bestaan het voordat God hom in sy moederskoot gevorm het, maar dit beteken glad nie dat hy as 't ware buite 'n vleeslike liggaam gelewe het nie. Van Levi word byvoorbeeld gesê dat hy wat destyds in Israel van die tiendes van die volk geleef het, reeds in Abraham aan Megisédek tiendes gegee het. Hy het dus gelewe 500 jaar voordat hy in die moederskoot gevorm was. Maar hy het nie buite 'n vleeslike liggaam gelewe nie, want so staan dit geskrywe: *"Want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoet gegaan het"* (vgl Heb 7:5,9,10). Net so was Jeremia nog in die lendene van sy vader voordat God hom in die skoot van sy moeder gevorm het. Dit kan dus nie uit Jeremia 1:5 afgelei of bewys word dat Jeremia buite 'n menslike liggaam voor die grondlegging van die wêreld iewers gelewe het nie.

Uit die voorbeeld in Efesiërs lees ons dat God *"ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld"* (Ef 1:4). Hieruit word afgelei dat ons dus al voor die grondlegging van die wêreld bestaan het. Maar so kan die Skrif nie vertolk word nie, want ons lees byvoorbeeld: *"Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend"* (Hand 15:18). Die feit dat al sy werke van ewigheid af aan God bekend is, beteken nie dat Hy dié werke toe reeds gedoen het nie. Hy het byvoorbeeld van ewigheid af ge-

weet dat hy die hemel en die aarde gaan skep, maar toe was dit nog nie geskep nie. Die skepping van die hemel en die aarde het in die tyd 'n begin gehad (Gen 1:1). Ons is weliswaar van voor die grondlegging van die wêreld uitverkies (Ef 1:4), maar dit beteken ewe min dat ons toe al bestaan het. God het op die sesde skeppingsdag gesê: "*Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis*" (Gen 1:26). Dit beteken duidelik dat daar op dáárdie stadium nog nie mense was wat na die beeld en gelykenis van God geskep was nie, want ons lees: "*En God het die* mens *geskape (bara) na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape (bara); man en vrou het Hy hulle geskape (bara)*" (Gen 1:27). Die Hebreeuse woord *bara* word uitsluitlik van God gebruik en dui elke keer op iets totaal nuut wat geskep word. Ek kom 'n bietjie later na hierdie punt toe terug.

Die mens is deur God geskep na sy beeld (*tselem*) en gelykenis (*demuth*). Natuurlik het 'n beeld te doen met die geestelike kwaliteite van die mens (vgl Rom 8:29; Ef 4:22-24; Kol 3: 9-11), maar 'n beeld en 'n gelykenis beteken ook dat iets sigbaar gemaak word. Daarom kon Jesus vir Filippus sê: "*Hy wat My gesien het, het die Vader gesien*" (Joh 14:9). In hierdie woorde kom ons in aanraking met misterie van die vleeswording van Christus (Joh 1:14) wat na hierdie wêreld gekom het om die onsienlike God aan ons bekend te maak (Joh 1:18). "Het is in het gehele Schriftgetuigenis duidelijk, dat het inzicht in het beeld Gods alleen zuiver kan zijn in onlosmakelijk verband met het getuigenis aangaande Jezus Christus, die het beeld Gods wordt genoemd" (Berkouwer).

Die mens was op die sesde skeppingsdag na liggaam (corpus), siel (anima) en gees (animus) (1 Tess 5:23; vgl Luk 1:46,47; Heb 4:12) gemaak (asah) (Gen 1:26); na die beeld en die gelykenis van God geskep (*bara*); man en vrou het Hy hulle geskep (*bara)* (Gen 1:26,27) toe God hom uit die stof van die aarde geformeer (*yatzar*) en in sy neus die asem van die lewe geblaas het (vgl Gen 2:7; vgl 1:26,27; 2:7; 1 Tess 5:23). Aangesien die Skrif dieselfde hoedanighede aan die siel en die gees toeskryf (vgl Luk 1:46,47; 1 Kon 17:21,22; Luk 8:55) kan daaruit afgelei word dat



die twee gelyk is. Die gees en siel verteenwoordig dus die geestelike eienskappe van die mens; die innerlike mens, en die liggaam is dan die uiterlike mens. Die Bybel praat dan ook van die innerlike en uiterlike van die mens (2 Kor 4:16-5:1,8). Só gesien is die mens 'n "twee-eenheid." Maar dan weer hanteer die Skrif gees en siel as twee entiteite, want hulle word albei langs mekaar gebruik om aan die emosionele gevoelens van die mens uitdrukking te gee (Luk 1:46,47); word in dieselfde sin afsonderlik genoem (vgl 1 Tess 5:23) en ons lees dat liggaam, siel en gees selfs van mekaar geskei kan word (vgl Heb 4:12). In dié sin is die mens 'n "drie-eenheid." Jesus sê egter: "*En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat siel sowel as liggaam kan verderwe in die hel*" (Matt 10:28; vgl Op 6:9). Uit hierdie woorde van Jesus kan ons aflei dat die mens 'n samestelling van siel en liggaam is; dit wil sê 'n "twee-eenheid." Jakobus weer skryf: "*Want soos die liggaam sonder die gees dood is...*" (Jak 2:26; vgl Luk 8:55). Hieruit kan afgelei word dat die mens 'n samestellling van gees en liggaam is; dit wil sê 'n "twee-eenheid." Maar hier is die begrip siel vervang met die gees. Dit beteken dat die siel en gees gelyk is aan mekaar, maar dat die twee begrippe vanuit twee kante kyk na die innerlike mens. Ek kom in die hoofstuk oor die kloning van die "mens" na hierdie punt toe terug. Die begrippe siel, gees en liggaam (1 Tess 5:23) geld natuurlik van die totale mens "omdat de Schrift alleen maar over de mens spreekt, geschapen naar het beeld Gods en daarbij geen énkele aanleiding geeft om daarbij slechts aan een "deel" van die mens te denken" (Berkouwer). Die mens is weliswaar 'n beelddraer van God, maar Christus Jesus is by uitnemendheid die "*Beeld van die onsienlike God*" (Kol 1:15).

Die Hebreeuse woord *bara* wat byvoorbeeld in Genesis 1:27 vir die skepping van die mens na die beeld van God en in Genesis 5:1 vir die skepping van die mens na die gelykenis van God, gebruik word, word uitsluitlik van God gebruik en dui steeds op 'n nuwe skepping. Dit dui op die begin van die bestaan van die mens na die beeld en gelykenis van God. Vóór die sesde

skeppingsdag het die mens dus nie bestaan nie. Jesus het byvoorbeeld gesê dat God die mens *"van die begin af man en vrou gemaak het"* (Matt 19:4), of ook *"van die skepping af, man en vrou gemaak (het)"* (Mark 10:6; vgl 13:19). Daarom lees ons dat die koninkryk vir die verlostes *"berei is van die grondlegging van die wêreld af"* (Matt 25:34), dit wil sê vandat die mens gemaak is. Alhoewel Hy hulle van voor die grondlegging van die wêreld uitverkies het, het Hy die koninkryk van sy Vader eers van die grondlegging van die wêreld af vir hulle begin voorberei. Dit wat God reeds van ewigheid af in sy raad besluit het (vgl Ef 1:11), het Hy eers met die grondlegging van die wêreld begin uitvoer. Nog 'n bewys dat ons nie Efesiers 1:4 mag interpreteer asof God se ewige uitverkiesing beteken dat die mens toe al bestaan het nie. Alhoewel God se skeppingsplan van alle ewigheid af reeds in sy raadsplan opgeneem is (Ef 1:11), en al sy werke van ewigheid af aan God bekend is (Hand 15:18), is die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag in die begin geskep (Gen 1:1-25; 2:1) en eers daarna die mens (Gen 1:26,27).

Om saam te vat: Uit ons navorsing het dit duidelik geword dat sowel Israel (Jes 19:25) as die nie-Israeliete wat gered word, die erfdeel van God uitmaak (Hand 26:16-18). Onder die term heiden word in die Skrif nie aan die verstrooide Israeliete gedink nie, maar aan die nie-Jode (vgl Joh 10:16; Gal 2:1-9,11-15). Dié term word gebruik om hul posisie buite Israel na die vlees aan te dui (Ef 2:11,12). Dit sien ons byvoorbeeld in die optrede van Paulus teenoor Timoteus (Hand 16:3) en later teenoor Titus (Gal 2:3,4) wat albei Grieke was.

Nie net mense uit die tien stamme van Israel (gewoonlik Israel genoem) word gered nie, want Paulus is ook gered (1 Tim 1:15) alhoewel hy uit die stam van Benjamin was (Rom 11:1). Ons word gered uit elke taal, stam, volk en nasie (Op 5:9). 'n Mens word nie gered bloot op grond van die feit dat hy uit 'n bepaalde volk gebore is nie, maar slegs wanneer hy deur die Gees van God weergebore word (Joh 3:3-8; 6:53), want nie almal is Israel wat uit Israel is nie (Rom 9:6).



Nie net blankes word gered nie, want die Skrif praat van donker-vel volke wat gered word (Jes 19:23-25). Die Egiptenare en Assiriërs is afstammelinge van Gam en die Israeliete is afstammelinge van Sem (die geel nasies van die aarde). Hulle tel almal onder die donker-vel volke van die aarde; hulle is dus nie blank nie.

Die bestaan van die mens het op die sesde skeppingsdag begin. Toe is die mens vir die eerste keer deur God geskep (*bara*). Die woord *bara* word uitsluitlik vir 'n handeling van God gebruik en dui op die begin van 'n nuwe skepping. Voor dié tyd was daar dus geen mense nie.

Die Naam van die Here (*Jahweh*) word in die Nuwe Testament vertaal met *kurios* (vgl Jes 40:3,4 met Lukas 3:1-3). Hieruit sien ons ook dat die Naam Jahweh nie verwys na God die Vader nie, maar na Jesus, die Seun van God. Selfs Jesus het na Jahweh verwys as kurios (Luk 20:37; vgl Eks 3:15).

Paulus skryf dat net die wat bely dat Jesus die Here (*kurios,* die vertaling vir *Jahweh*) is, kan gered word (Rom 10:9,10).

Die Naam vir Jesus is nie Jashua nie, maar Jesus. Verskeie Bybelse persone het Hom Jesus genoem: Josef (Matt 1:21,25), die engel Gabriël (Luk 1:26) en Jesus self (Hand 9:5; Op 22:16).

Swart mense is ook mense, want dit is hulle geskape aard om te praat. Net diere kan nie praat nie (2 Pet 2:12,16; Jud v 10). Mense uit elke taal word gered (Op 5:9), en net mense word gered, nie diere nie. Die swart mense is dus nie diere nie, maar mense.

Kain is nie deur Satan verwek nie, maar deur Adam (Gen 4:1). Satan of bose geeste kan nie kinders by vroue verwek nie; selfs nie eens engele nie (vgl Matt 22:30).

Toe Kores die Judeërs toestemming gegee het om na Palestina terug te keer (2 Kon 36:22,23; Esra 1:1-4), het die oorblyfsels van die stamme van Israel saam met hulle teruggekeer (vgl 1 Kron 9:3; Esra 2:2,21v; Neh 7:7v; Luk 2:36). Voor dié tyd was die ballinge onder die Judeërs en Israeliete verbied om te trek (Jer 50:33). Die terugkeer van die Judeërs en Israeliete was die begin

van die vervulling van die profesieë oor die toekoms van Juda en Israel (vgl Jes 11:11-13; Jer 31:7,8,27; Eseg 37:19). Van dié tyd af was hulle een volk (vgl Eseg 37:22). Van toe af word al twaalf stamme afwisselend as Juda of Israel aangespreek (vgl Jes 5:3,7). In die Nuwe Testament noem Paulus homself 'n Israeliet (Rom 11:1), maar ook 'n Judeër (Hand 21:39; 22:3), alhoewel hy uit die stam van Benjamin was (Fil 3:5). Al twaalf stamme is vandag net een volk; en word Jode of Israeliete genoem. Die Israeliete of Judeërs wat nie teruggekeer het nie, is onder die verskillende volke verstrooi tot vandag toe, maar hulle het in die reël nie met die verskillende volke vermeng nie, want Jesus het gesê dat die Jode as volk sal bly voortbestaan tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis (Matt 24:34). Die Jode word vandag vanweë hul fisieke voorkoms maklik onder die verskillende nasies uitgeken.

## 18.

## DIE RAAD VAN GOD

Die kennis wat ons van God besit, is meegedeelde kennis. God het dit aan ons deur die Skrif (vgl Eks 24:4-7; 17:14; Deut 31:9-11,24-30; Hand 17:23) en deur die natuur (vgl Rom 1:20; 2:14,15; Hand 14:17) bekend gemaak. Hierdie kennis is aangepas by die bevatlikheid van ons bewussyn. Naas God bestaan daar geen ander God nie (Eks 20:2-5; Deut 4:16-18; 2 Kron 32:19; Jes 42:8; 45:5,6).

God openbaar Homself aan ons as die Skepper (Gen 1:1) en die Onderhouer (Ps 104; Heb 1:3) van die hemel en die aarde. Die feit dat Hy die wêreld geskep het, en nog steeds onderhou, verwerp meteen die dwaling van die deïsme wat 'n absolute skeiding tussen God en die skepping maak. Volgens hierdie siening is God wel die oorsaak van die wêreld, maar Hy het die wêreld aan homself oorgelaat. Dit maak van God 'n idee sonder inhoud en moet noodwendig tot ateïsme lei, omdat God dan ook net so goed nie kan bestaan as Hy so volkome van sy skepsels verwyder is



nie. Van 'n persoonlike God en Vader tot wie gebid kan word (vgl Matt 6:5-18), is hier geen sprake nie.

Die feit dat God die hemel en die aarde geskep het, en nog steeds onderhou, verwerp voorts die dwaling van die panteïsme wat God met die wêreld vereenselwig. Die skepping word gesien as 'n wesenlike deel van God. Hierdie siening ontsê aan God 'n eie bestaan, los van die wêreld, waardeur die ware godsdiens nie meer moontlik is nie, omdat daar dan geen plek vir toewyding aan, vertroue in en liefde vir 'n Verhewe Wese kan wees nie (vgl Matt 22:37; Rom 12:1; 2 Kor 7:1).

Die Skrif gaan uit van die veronderstelling dat God bestaan en gee aan ons geen bewyse daarvoor nie. En dit kan ons verstaan, want die bestaan van God kan nie deur die mens bewys word nie. Die mens is deel van die skepping (vgl Gen 1:26,27; 2:7) en behoort dus tot die natuurlikke bestaan van dinge. God daarenteen behoort tot die bonatuurlike, en die natuurlike kan nooit tot die bonatuurlike opklim nie. Daarom bestaan daar geen verstandelike weg tot God nie; alleen 'n weg van God na die mens. Indien die bestaan van God deur ons bewys kan word, is Hy nie die ware God nie.

God openbaar Hom aan ons as die drieëenige God, Vader, Seun en Heilige Gees. In die Ou Testament skemer hierdie feit reeds deur, waar ons lees: "*En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis...*" (Gen 1:26) en dan weer: "*En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape...*". (Gen 1:27). Die afwisseling van die woord "*ons*" (meervoud) met "*sy*" en "*Hy*" (enkelvoud), dui reeds daarop dat hier na één Goddelike Wese verwys word wat uit meer as een "persoon" bestaan. Dit sê nog nie uit hoeveel "persone" nie. Maar wat in die Ou Testament nog enigsins duister is, word in die Nuwe Testament baie duidelik aangetoon (vgl Matt 28:19; 2 Kor 13:13). Ons lees byvoorbeeld: "*Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een...*" (1 Joh 5:7; 1953-Vertaling).

Hierdie drieëenige God is "*die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon. Hy woon in die hoogte*" (Jes 57:15). "*God is*